

**Johan Claassen
Broers**

(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en
KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

**A. VORSTER
APTEEK**

Octron-gebou,
Lombardstraat.

VIR VINNIGE
AFLEWERING

SKAKEL 7074.

JAARGANG XXIII

WOENSDAG 6 MAART 1968

Nr. 5

Die Pukkie weer wyd en sy verkoop

GROOT DAG KOM NADER

„DIE redaksie van Die Pukkie het vanjaar gepoog om die blad aantrekliker as ooit tevore te maak. Ons is vol vertroue dat ons in ons doel geslaag het en dat Die Pukkie vanjaar weer iets sal wees waarop ons almal met reg trots sal wees.”

So het mnr. Fanie Coetzee, redakteur van Die Pukkie, in 'n onderhoud aan Die Wapad gesê.

'n Groot oplaag is weereens hierdie jaar gedruk en volgens mnr. Coetzee dra veral een feit, naamlik die gebruik van kleur op baie meer plekke in die blad, en nie net op die voor- en agterblad nie, by tot die groter aantreklikheid van die blad.

NEGE BUSSE

Nege busse sal hierdie jaar gebruik word vir die verspreiding van Die Pukkie, wat op 16 Maart geskied. Twee busse elk word na Johannesburg en Pre-

toria gestuur, terwyl busse ook na Klerksdorp, die Wes-Rand, die Oos-Rand, die Vaaldriehoek en die Vrystaatse Goudvelde gaan om die Pukkie-verkopers te vervoer. Daarbenewens word die kombi ook gebruik vir die verspreiding van Die Pukkie op Lichtenburg.



MNR. FANIE COETZEE

Foto: Fotokuns

Wat betref die uitdeel van Die Pukkie het mnr. Coetzee gesê dat daar definitief geen Pukkie beskikbaar sal wees voor

Vrydag 15 Maart nie. Die meeste Pukkies sal eers uitgedeel word voordat die busse met verkopers in die vroeë oggendure van Saterdag na hulle onderskeie bestemmings vertrek.

INBETALING

Die inbetaling van die gelde sal nie soos in die verlede in die onderskeie koshuise geskied nie, maar sal plaasvind op die Saterdagmiddag- en aand na die terugkeer van die busse. Die laaste inbetalings sal die Maandag geskied.

Mnr. Coetzee het gesê dat seniors wat hulle wil aanmeld vir die verkoop van Pukkies, welkom is. Veral persone wat van hulle eie vervoer gebruik kan maak, is welkom.

KONTROLEER

Eerstejaars wat hulle name en die plek waar hulle graag Pukkies wil gaan verkoop op die strokie wat uitgedeel is, ingevul het, sal later vandeeweek die geleentheid kry om op 'n lys wat op die kennisgewingbord opgesteek sal word, te kontroleer waarheen hulle gaan.

EERSTEJAARSTUK

Die verspreiding van Die Pukkie word vanjaar voorafgegaan deur die opvoering van Thalia se eerstejaarsstuk op Vrydagaand asook massa-ontspanning wat deur die A.O.B. gereël word.

Regstelling



Dit het onder die aandag van Die Wapad gekom dat 'n verkeerde indruk geskep kon gewees het deur die onderskrif wat in verlede week se uitgawe by bygaande foto verskyn het.

Die aksie waartydens die betrokke foto geneem is, was in geen opsig deel van die oriëntasieprogram by Dawie Doep-Noord nie, maar 'n doopsereemonie wat op 'n vrywillige basis geskied het nadat die oriëntasieprogram afgeloop was. Ook senior eerstejaars het die sereemonie wat 'n jaarlikse koshuistradisie is, ondergaan.

Die Wapad spreek sy spyt uit teenoor al die partye wat benadeel is deur die wanindruk wat deur die onderskrif geskep is as sou die gebeurtenis 'n vorm van ontgroening gewees het.

Verhoging van goudprys kan probleme bring

„'n Verhoging in die goudprys sal Suid-Afrika bevoordeel deurdat hy daardeur meer buitelandse valuta sal verdien, maar heelwat praktiese probleme sal ook ontstaan,” het prof. J. A. Lombard, hoof van die departement Ekonomie aan die Universiteit van Pretoria gesê toe hy verlede Woensdagaand 'n seminaar van die Sentrum vir Internasionale Politiek toesprek het.

Volgens prof. Lombard sal die regering se anti-inflasione optrede deur 'n verhoging van die goudprys in die war gestuur word tensy die invloed daarvan op deeglike wyse in toom gehou word. Hy sien wel 'n moontlikheid van 'n verhoging van die goudprys, maar nie teen die gewelddige persentasies wat genoem word nie.

FRANKRYK

Prof. Lombard, wat 'n uiteensetting gegee het van die pogings om die likiditeitsprobleem op te los, het gesê dat een van die beskuldigings wat deur Frankryk teen Brittanje en Amerika ingebring word, die feit is dat die twee lande invloed op die vasteland verkry en uitbrei deur geld wat hulle van lande verkry wat groot dollar-reserwes hou. Op hierdie wyse word o.a. die Viëtnamese oorlog gefinansier.

Oor die oplossing van die likiditeitsprobleem het prof. Lombard gesê dat die huidige neiging, in teenstelling met die vroeëre pogings om die probleem deur die Internasionale Monetêre Fonds of blokvorming op te los, 'n beweging in die rigting van 'n internasionale geldstelsel is waar nasionale belange uitgeskakel word.

Nuwe vereniging beoog toere

'n Vereniging wat hom ten doel stel om o.a. bergklim-, fietsry- en staptoere te reël, is op Maandagaand 19 Februarie aan die P.U. gestig.

Tydens die stigtingsvergadering het die voorsitter, mnr. Wout ten Haaf die doel van die vereniging geskets as 'n poging om 'n gesonde gees onder die studente te bewerkstellig en om die openbaring van God in die natuur weer te leer ken en opnuut te verken.

TOERE

Daar word beoog om 'n hengel-, roei- en duikklub te stig en uitgebreide toere deur die verskillende klubs word in gedagte gehou. Alhoewel op hierdie toere ook navorsing gedoen sal word, bly die hoofdoel interessante en vrugbare avontuur in die buitewêreld.

Tydens die stigtingsvergadering is mnr. Wout ten Haaf as voorsitter, mnr. Kobus van der Walt as sekretaris en mnr. Ben van Jaarsveld as penningmeester verkies.



Prof. J. A. Lombard (middel) afgeneem tydens verlede Woensdagaand se seminaar van die Sentrum vir Internasionale Politiek, saam met Prof. D. P. Erasmus (links) en prof. C. P. van der Walt (regs).

Foto: Western Transvaal Record

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN

GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE

TOMSTRAAT
88B & C

FOON
5943, 3377

Met komplimente van
A J A X
(Edms.) Bpk.
BOEKE —
SKRYFBEHOEFTE

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM,
Tel. 6575.

VIR AL U APTEKERS- EN
FOTOGRAFIESE
BENODIGDHEDE
BESOEK:

APTEKERS
J. P. VAN DER
WALT
(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 118
Potchefstroom
TELEFOON: 3237

GROSVENOR
MOTORS
LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3

GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA —
CORSAIR — ZEPHYR —
ZODIAC — FAIRLANE en
GALAXIE
Asook:
Vespa
en
Lambretta
BROMPONIES

HUIS EN TUIN

Vir:-

- ★ alle fietsbenodigdhede
- ★ skoenreparasies
- ★ droogskoonmaak.

Studente:

ONS VOORSIEN GRAAG IN
U BEHOEFTE

Tomstraat 82,
Telefoon 4641.

DIE BULT
DAMES
HAARKAPPERSALON
ons spesialiseer...
Tomstraat 86A
Telefoon 5537

die WAPAD

WOENSDAG 6 MAART 1968

Kennismaking

OM op hierdie stadium lang lang relase te voer oor die afgelope oriënteringtydperk en om te weeklag oor wat kon en moes gebeur het in daardie week, is waarskynlik in hierdie stadium, noudat oriëntering reeds twee en 'n half week oue geskiedenis is, nie die heel nodigste om te doen nie.

Tog is dit nodig om na aanleiding van die verslag van die Studenteraad se eerstejaarskomitee, wat verlede week ter tafel gelê is, enkele opmerkings te maak.

Dat die program, in sy dele gesien, aan sy doel beantwoord het, gee 'n mens die komitee graag toe. Inderdaad kan verklaar word dat daar deeglik voorsiening gemaak is dat die eerstejaars op alle vlakke, sy dit koshuislewe, die verenigings, die sportklubs of die algemene studente-lewe, deeglik op hoogte gestel word met die nuwe omgewing waarin hy hom bevind het.

Om hierdie rede kan 'n mens ook nie anders as om met die komitee saam te stem dat die oriënteringsprogram vanjaar oëskynlik baie na aan sy laaste ontwikkelingsfase gekom het nie.

Wat betref die verdeling van die week tussen Studenteraadsaksies en die programme van die onderskeie koshuise, kan kwalik van enige kant ontevredenheid uitgespreek word. Dit is inderdaad verbly-

dend dat op hierdie vlak behoorlike koördinasie plaasgevind.

Dit is egter ook sorgwekkend dat juis miskien as gevolg van hierdie desentralisasie 'n minder verblydende verskynsel aan die lig gekom het, naamlik 'n skrikwekkende afname in geleenthede vir die hele Pukmassa om informeel bymekaar te kom — iets waarop die komitee teweens ook sterk klem lê in sy verslag.

In hierdie stadium, waar bedrywighede gedurende die jaar in steeds groter wordende mate op koshuisvlak aangepak word, is dit iets waarop nie te veel klem gelê kan word nie dat ernstig gepoog sal moet word om sulke geleenthede te skep. Weliswaar het die vrugtefees nie aan al die verwagtings wat gestel is, beantwoord nie, maar dit bly 'n ope vraag of dit, selfs al sou dit meer geslaag wees, op sigself voldoende sou wees om in die gevoelde behoefte te voorsien.

Iets sal gevind moet word voordat die leemte in vanjaar se program nie langer meer as 'n leemte gevoel word nie, maar as iets doodnormaal aanvaar word. As daar goeie gronde was vir die afkeuring van massa-uitkenningsparades, is daar nou baie goeie gronde om te glo dat iets in die plek van hierdie verwerpe tradisie gestel sal moet word.

Die Pukkie

Is daar 'n universiteit of onderwysinrigting waar daar nie jaarliks met afwagting en opgewondenheid vooruitgekyk word na die verskynning van die vreude-, jool-, of karnavalblad nie?

Hierdie groot dag vir die Pukke is weer voor die deur. Volgende Saterdag verskyn Die Pukkie en word hy in sy duisendtalle oor groot dele van Transvaal en die Vrystaat versprei.

Aan die uitgee van hierdie blad is 'n groot hoeveelheid werk vooraf verbonde, en min van die Pukkie se lesers (of verkopers) het waarskynlik 'n idee van die opofferings wat reeds vir maandelank deur die redaksie van die blad gemaak is. Vir die reusetaak, een van die min met 'n wins vir die Studenteraad as sy uiteindelijke resultaat, verdien hulle die hele massa se dank.

Maar die laaste skakel in die ketting is die verkoop van die blad deur die massa en dan veral die eerstejaars. Ons het voorheen al geskryf oor die eerstejaars se inskakeling en deelname aan die studente-lewe. Mag hulle hierdie geleentheid te baat neem om vroeg reeds 'n aktiewe deel aan werklike studente-lewe te hê.

Mag die Pukkie-verkope terselfdertyd ook dien as 'n geleentheid wat, soos ons boontoe geskryf het, kan dien om die hele Pukmassa, seniors sowel as eerstejaars, nader na mekaar te trek. Pak ons hierdie saak met die nodige geesdrif aan, sal daar na 16 Maart nie een eksemplaar van Die Pukkie onverkoop wees nie, en sal ons veel meer bereik het as 'n blote finansiële wins.

In U Lig

En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid...
Pred. 12:1

Dit sou wenslik wees as hierdie rubriek in die toekoms geen „preek” wil wees nie, maar wel 'n praktiese besinning oor sake wat van resente betekenis is vir ons jongmense. Want ons is jonk en die jeug is nietigheid. Laat ons daarom besin, maar laat ons besinning wees soos 'n gedagtelied aan ons Skepper.

Daarom was hier verlede week twee inleidende gedagtes ter sake, te wete: die sin van die jonkheid en verantwoordelike arbeid in die dae van jonkheid.

En nou: waarom moet ons aan ons Skepper dink? Waarom kom hierdie woord as 'n eis tot ons?, terwyl ons so besig is om te lag en te jubel deur die glansende dae van ons jonkheid.

Die antwoord is elementêr: God gee hierdie dinge aan ons; Hy skenk ons die mooiheid van ons jeug, die son en die lig en die maan en die sterre, die silwerdraad en die goue olie-kruik. En dit is God wat ook versoening bring oor ons sonde, ons onuitspreeklike ellende, ons patetiese onvermoë. Hy skenk aan ons die lewe. Hy gee ons die genade: Hy is ons dankbaarheid. Daarom moet ons dank bewys word in ons vreugde, in ons blydschap, in ons jeug, met ons lewe. Want daar is ook 'n waarskuwing by: voordat die son en die lig en die maan en die sterre verduister word en die wolke terugkeer na die reën... en al die tone van die lied dof sal word... want die mens gaan na sy ewige huis, en die rouklaers sal op die straat rondgaan. Voordat die silwerdraad verwyder word en die goue kruik stukkend val en die kruik by die fontein gebreek word...

Daarom moet ons God agter elke gebeurde sien; ons moet God sien in Sy Almag, in Sy Genade. Ons moet vannuit die Verbond kyk — na die Verbondhouer. Dit is 'n ganse lewe werd!

- Deur My Lens -

So gaan die tyd verby. Ons loop saam met die tyd. Elkeen met sy eie klein vreugde en pyn. Ons loop onder akkerbome en kyk na die blou lug met 'n enkele windswawel. Ons rook sigarette en drink koeldrank by die insleep. En die tyd loop in ons skaduwee. Sommige wordter oor die vallende blare. Ons loop saam, loop verbymekaar, groet effens en loop verder. Elkeen alleen. Die tyd is nie 'n bestendige vriend nie. Hy laat nie 'n debat toe nie. Die tyd is nors. Ons loop in die genade van afsydigheid, maar ook in die genade van betrokkenheid. Aan hierdie een is 20 jaar gegun aan daardie dertig... ons bid oor elke dag.

BESKEIE

En word nie belangrik nie. Ons misbruik nie ons posisies nie. Ons loop beskeie en nletig die pad wat ons gegun word. Doen ons werk. Totdat die blou lug vir ons vervaag en die wind oor die plek waai waar ons gearbei het. Miskien sal enkeles onder ons onthou word. Hierdie een deur sy woord, daardie een deur musiek of deur sy werk... so is elkeen van ons 'n kunstenaar. Party word vergeet. Dis ook goed.

Maar aan elkeen word gevra om sy lewe te skryf, versigtig te skryf. En te luister na die tyd. Om jou antwoord te formuleer. So dan kunstenaar te word. Deur jou werk. Dit moet met liefde en toewyding geskryf word.

Tot sover dan oor tyd en waarheid. My meeste bewonderaars hou nie van dit wat onder die oppervlakte van die mens sluit

mer nie. Hulle wil nie ontsig word nie. Indige simpatie: leef voort in julle gewaande grootheid en belangrikheid. Of hou julle van my sinisme, my ligte ironie — miskien is dit net satire? Wat van briewe aan Die Wapad?

WEET WIE

Ek hoor die meeste mense weet glo wie Reflector is. Die groot kenners van style! Die kwasi-literatore! Julle dink reg, bly so dink! Erens klink die lag van 'n harlekyn dawerend oor die kampus.

'n Ruiker vir die A.O.B. Die mense is vol planne. Hulle doen hulle werk. En vir die A.S.B.-president. Agter die skerms en veilig buite die onverkwiklike verklarings terugtrekkings ens. van verlede jaar loop hy stil-stil 'n mooi pad. Dit is ons wens dat die A.S.B. vanjaar in waarheid, wetenskaplikheid en Afrikanerskap sal toeneem. En hom veral nie sal assosieer met die politiek nie. Dit is, sover my kennis strek, nie 'n politieke organisasie nie — maar 'n kultuur-organisasie. Ek meen dat die geate A.S.B.-president hom op dieselfde standpunt stel.

SLEEPBANKIES

Die stereotipe sleepbankies! Hoekom word daar nie iets gedoen nie? Daar is glo 12 sleepbankies op die Puk! Die sleepers is egter nou so gewoond aan die dam, die Oude Molen, en ander obskure maar gerieflike plekke, dat ek twyfel of 'n vermeerdering in die aantal sleepbankies enige verskil sal maak. Nogtans 'n beroep op die S.R. en die Raad.

INSLEEP!

WAARHEEN ALMAL
SLEEP

Koshuisbestellings: 6039

Oriënteringsprogram kom tot sy reg - verslag

AS geheel gesien, het die oriënteringsprogram vanjaar tot sy reg gekom, maar desnieteenstaande het daar iets kortgekom — die kennismaking tussen junior en senior studente was nie na wense ie.

So lui van die blangrikste gevolgtrekkings waartoe die eerstejaarskomitee kom in sy verslag wat verlede Dinsdag aan die Studenteraad voorgelê is en aanvaar is. Die komitee het bestaan uit mnre. J. P. L. van der Walt (konvenor) en Willie Coetzee en mej. Rosalie de Klerk.

Die komitee gee in sy verslag 'n opsomming en waardering van die aksies wat op die verskillende aande plaasgevind het. Veral die senior-programaand en die massadinee word as puik bestempel.

Wat betref die vrugtefees, voel die komitee dat die aand nie ten volle ontgin is nie. „Georganiseerde spele of sport na die ete was duidelik 'n behoefte. Die massa het telkens getoon dat hulle wil studente wees en

hulle student-wees geniet. 'n Prikkel om dit te ontplooi is nodig.”

Oor die leemte wat gevoel is t.o.v. algemene kennismaking, sê die komitee dat die behoefte om een te wees in die opsig dat almal mekaar ken en groet iets is wat die Studenteraad moet help bewaar.

AANBEVELINGS

Onder die aanbevelings wat die komitee gemaak het en wat deur die Studenteraad aanvaar is, tel 'n voorstel dat die Studenteraad gedurende die oriënteringsweek en die A.O.B. gedurende die loop van die jaar dit hulle taak maak om geleenthede te skep om kennismaking tot sy reg te laat kom.

Daar is ook aanbeveel dat voortgegaan sal word met die dra van die maroenknopie vir die volle jaar aangesien die knopie tot op datum beantwoord aan sy positiewe doel.

OUERS VAN TWEEDEJAARS OP P.U. ONTHAAL

'n Gesellige byeenkoms is vir Vrydag 1 Maart deur die Universiteit vir die ouers van tweedejaarstudente gereël.

Mnr. C. J. Reinecke sr., van die Departement Ontwikkeling, het verduidelik dat hiermee gepoog word om die skakeling wat met die ouers van die eerstejaarstudent begin is, in sy tweede jaar op breër vlak voort te sit en met die grade- en diploma-plegtigheid af te rond. „Die doel van die drie funksies is om die band tussen ouer, student en universiteit te verstewig,” het hy gesê.

Die hele onderneming wat Vrydag 1 Maart begin het en die volgende middag op die atletiekterrein van die Universiteit ten einde geloop het, is 'n nuwe ontwikkeling wat vanjaar die eerste keer deur die Universiteit georganiseer is.

REKTOR

Die program het onder andere

'n konsert in die Konserwatoriumsaal, 'n ontmoeting met die rektor, prof. H. J. J. Bingle Saterdagoggend, en 'n braaivleis by die Oude Molen ingesluit.

Daarna is 'n Interkoshuis-atletiekampioenskappe waaraan ruim 400 atlete van die elf koshuise deelgeneem het, by gewoon. Al die uitblinkeratlete van die P.U. is in aksie gesien.

Ryke na Moskou

Prof. dr. P. A. J. Ryke, direkteur van die instituut vir dierekundige navorsing, woon gedurende Augustus vanjaar die dertiende internasionale kongres in verband met entomologie in Moskou by. Prof. Ryke sal by die geleentheid persoonlik 'n referaat lewer.

STUDENTERAADSVOORSITTER SE VERKLARING

Betreffende die studentelewe kan 1968 die grootste jaar wees wat die Puk nog beleef het. Op sport- en kultuurgebied, of tewens enige aspek van die studentelewe waaraan gedink kan word, kan ons vanjaar presteer.

Die A.S.B.-kunsfees word in die April-vakansie hier op die kampus gehou en tesame daarmee word 'n magtige kultuurleierskursus aangebied. In Julie vind die A.S.B.-kongres hier plaas.

Op sportgebied hoef ek nie aan u dje moontlike krulne aan te toon nie — u is daarvan bewus. Wat alle ander aksies van die Studenteraad en die hoofliggame betref, sal ons voortbou op die fondament wat verlede jaar gelê is.

PUKKIE

Volgens eeue-oue tradisie sal dit die eerstejaars se voorreg wees om vanjaar weer die Pukkies te verkoop, maar hoewel die eerstejaars eerste aanspraak het, sal hulp van geesdriftige seniors baie waardeer word.


Oor Intervarsity wil ek niks meer sê as dat ons vanjaar weer met die trein Bloemfontein toe gaan nie.

KARNAVAL

En dan het ons die karnaval. Die komitee se planne met die karnaval is groots

en dit behoort die hoogtepunt van die jaar te wees. Maar Pukke, hierdie fees kan slegs slaag as ELKE Puk sy deel doen. U moet nie van die komitee verwag om u daardie twee dae te vermaak nie, maar u moet inspring en self aktief raak en dan sal u werklik voel hoe dit is om student te wees. Die karnavalkomitee skep slegs die klimaat en dan moet u, Pukke, met u eie lewensvreugde 'n karnaval skep.


Laat ons vanjaar op die regte tye oorloop van die studentegevoel in ons en laat ons alle slapers meesleur in hierdie kolkende Puk-stroom.



MNR WILLIE COETZEE

Foto: Fotokuns

A LA BERLYN?



Ons Lesers Skryf

Wat van dorpstudente? vra lesers

Geagte redakteur, — Na die vriendelike uitnodiging om briewe aan Die Wapad te skryf, kon ek nie anders as om ook van my te laat hoor nie.

Om sommer dadelik met die deur in die huis te val: in die drie jaar wat ek aan die P.U.

studeer, is daar weinig min gedoen om ons dorpstudente in die studentelewe te betrek. Om 'n dorpstudent van die P.U. te wees, is so goed of jy studeer deur die Universiteit van Suid-Afrika.

Ek kan wel by Thalia of iets dergelyks aangesluit het, maar ek voel sterk daarvoor dat die dorp ook hulle eie vereniging moet hê wat hulle dan in staat sal stel om ook teen die koshuise in kompetisies te staan te kom.

KARNAVAL

Wat gebeur nou weer met die karnaval? Die koshuise sal verantwoordelik wees vir die bou van die onderskeie vlote. En ons? Ons sal weer by 'n koshuis moet inskakel, en aangekyk word asof jy 'n indringer uit die onderwêreld is. Spaar my laaste jaar op die Puk dit asseblief!

Mag daar vir ons in hierdie jaar ook meer studentelewe wees. Ek, en ek glo ook die ander, is bereid om saam te werk. Laat weet maar net.

(Mej.) A. DE KLERK

Meyerstraat 19, Potchefstroom.

(Ons wil die lesers daarop wys dat daar wel 'n dagstudentebestuur bestaan wat die belange van die dorpstudente behartig. Die voorsitter van die vereniging is mnr. Jan-At Kruger en as die lesers met hom in verbinding tree, sal sy wel nadere inligting oor die vereniging kan verkry. — Red.)

FRANCOIS VENTER

AFRIKAANSE STUDENT IS KRITIEKLOOS

Onderstaande brief het ons ontvang van mnr. Francois Venter, 'n inwoner van Haak en Steek, wat gedurende die Desember-vakansie 'n toer deur Europa onderneem het. Mnr. Venter skryf:

Geagte Redakteur, — Dit is nie nodig om lank in Europa te wees om onwillekeurig tot sekere ingrypende verdiepings, verbredings en selfs veranderings in politieke, godsdienstige en sosiale opvattinge gebring te word nie.

Die Europese jeug in die algemeen is verslaaf aan die mode om enige vaste instelling, algemeen-aanvaarde begrip of opinie onvoorwaardelik te kritiseer uit hoofde van die reg waarop hulle aanspraak maak om min of meer alles uit 'n min of meer nihilistiese oogpunt uitmekaar te trek.

KRITIEKLOOS

Daarenteen blyk dit dat die gemiddelde Afrikaanse student besonder kritiekloos en dikwels selfs oningelig is oor aktualiteite en graag politieke en godsdienstige leiding onvoorwaardelik aanvaar.

Is dit nie die rede waarom buite die Republiek se grense feitlik net van ons Engelstalige universiteite gehoor word nie; is dit nie die rede waarom daar by ondersteuners van die regering so 'n groot aanvaarding van die teorie van aparte ontwikkeling, maar so min entoesiasme vir die daadwerklike uitvoering daarvan te bespeur is nie; is dit nie die rede waarom die godsdienstige aktiwiteite van studente (ook aan die P.U.) dikwels die skrikwekkende vorm van deel van die noodsaaklike roetine, soos sleep en massavergaderings bywoon, aanneem nie?

INVLOED

Of het ons ook al soos Europa 'n te groot deel van Amerikaanse invloed en van die naoorlogse frustrasie-mentaliteit weg om te kan besef dat die toestand in Suid-Afrika tans uiters vloeibaar en ongekristalliseerd is?

Indien ons werklik die ideale, „soos vir ons uiteengesit” deur ons leiers, wil bereik, het dit reeds dringend geword vir ten minste studente om tot definitiewe gevolgtrekkings te kom en begin handel.

VEG

Is almal van ons seker dat ons bereid is om vir „ons ideale” te veg en veel daarvoor op te offer? Hoeveel van ons kom verder in sy rasse-denke as dat „kaffer kaffer sal bly”? Ons is gewoonlik tevrede om na toesprake oor die ideaal van nasiewording van alle blankes in Suid-Afrika te luister, maar werk ons konstruktief daarvoor of daarteen?

Suid-Afrika sit opgeskeep met probleme wat nie net deur leiers nie, maar noodwendig ook deur die breë massas se ywer opgelos moet word. Dit is nou hoog tyd om die ywer van die massas op te roep en die P.U. is die beste plek vir ons om te begin.

piekfyne

danksy

moderne manswinkel met moderne dinge vir moderne mense

Uniewinkels

KERKSTRAAT 86 B. + TOMSTRAAT 100

Leweransiers van P.U.

Kleure

Hanlie van Niekerk lewer briljante uitvoering

'n **MEESTERSKONSERT** in die ware sin van die woord! Dit was die algemene mening na die optrede van die beroemde Suid-Afrikaanse sangeres, Hanlie van Niekerk, verlede week in die Totiusaal.

Sy het die uitvoering geopen met 'n paar 17e en 18e eeu-se liedere en vier liedere van Brahms. 'n Sekere hoogtepunt van die aand was die liedersikus „Die Vrou” van Hubert du Plessis.

„Die Vrou” bestaan uit vyf liedere waarvan „Die Bruid” die middelpunt en die belangrikste was. Dit is 'n siklus saamgestel uit verse in verskillende tale maar die geheel is tog nog gegrond op die gemeenskaplike idee nl. die universele rol van die vrou as lewewegende bron. Die werk is spesiaal vir mej. Van Niekerk gekomponeer.

MEESTERLIK

Haar vertolking was eenvoudig meesterlik en die applous daarna ooreenstemmend. Eintlik

is dit verbasend aangesien so 'n moderne werk selde ten volle waardeur en verstaan word. As toegif het mej. Van Niekerk seker die mooiste van alle liedere, die Wiegelielied, herhaal.

Na pouse het liedere van S. le Roux Marais en Fagan gevolg en die program is met sewe Spaanse volksliedjies afgesluit.

Die aand het letterlik en figuurlik op 'n hoë noot ge-eindig. Daar was ook drie meer as welkome toegifte.

STEURINGE

Daar was ongelukkig 'n paar dinge wat sekerlik die soliste sowel as 'n deel van die gehoor gesteur het soos bv. die verkeerdlike applous tussen die verskillende liedere van die siklus of van 'n komponis se werk. Dit het gelukkig nie afbreuk gedoen aan die sukses van die aanbieding nie.

KUNSGESELSIE

Konstantyn die Grote het op 11 Mei 330 die klein Byzantium op die Bosporus as die hoofstad van die Romeinse Ryk verklaar. Hierdie nuwe Rome was opsetlik so ingestel dat dit 'n kontras met die Ou Rome moes vorm wat nog steeds aan sy ou heidense ritusse en gewoontes bly klewe het. Aangesien slegs die Christelike godsdiens in Byzantium geduld is, het die heidense tempels gou museums geword.

Vanaf die eerste kuns is die Keiser as vikaris van God beskou en die idee het 'n groot invloed op die kuns gehad. Die portrette van die Keiser was beklemtoon en was altyd verge-

sel deur kerse asook wierook, lank voordat daar enige religieuse aspek aan verbonde was.

VERSEKIDENHEID

Dwarsdeur die Bisantynse kunsgeskiedenis was die bewaring van kunstradisies en die handhawing van kunstandaarde grootliks die gevolg van die keiserlike hof. Dit is in kontras met die weste waar die Pous en Kelsers, konings, biskoppe, en selfs handelaars, alhoewel nie terselfdertyd nie, ondersteuning en beskerming aangebied het. Dit het 'n groot verskeidenheid van style tot gevolg gehad.

Na die val van Rome het Konstantinopel, soos Byzantium later bekend was, 'n opbloeit beleef en alhoewel verskeie kere deur die Perse en Arabiere verwoes, tog sy invloed in die kunswêreld laat geld. In 691 is 'n koepel van 'n tempel in Jerusalem met mosaïek versier in 'n styl wat byna identies is met die mosaïek-versierings in 'n suid-westelike kamer van die Aia Sofia.

DOKUMENTE

Mosaïekvloere van merkwaardige kwaliteit is te vinde in die Khirbat al Mafjar paleis. Historiese dokumente toon dat sommige van die materiale vir hierdie Umayyad-mosaïek van Konstantinopel afkomstig was.

Dit bewys dat die Umayyade, soos baie ander, geensins getwyfel het oor waar hulle hul kunstenaars en materiaal vandaan moes kry nie, aangesien Konstantinopel in die laat 7e en vroeg 8e eeu alom bekend was as die grootste stad van die Mediterreense wêreld.

R.v.d.W.

GRAND TEATER

WOENSDAG 6 MAART
THE FBI STORY

JAMES STEWARD
VERA MILES

(Persone 4-12 nie toegelaat nie).

DONDERDAG 7 MAART

tot

SATERDAG 9 MAART

FOR A FEW DOLLARS
MORE

CLINT EASTWOOD
MARIA LOLONTE

(Persone 4-16 nie toegelaat nie).

MAANDAG 11 MAART

en

DINSDAG 12 MAART

YOUNG WARRIORS

JAMES DRURY
STEVE CARLSON

(Persone 4-12 nie toegelaat nie).

WOENSDAG 13 MAART

STAB IN THE BACK

MAURICE DENHAM
NADJA REGIN



Die dekor wat deur Bill Nixon vir Moeder Hanna ontwerp is. Sien berig onder aan blad.

Vlaminge staan simpatiek teenoor S.A.

Die Vlaminge is baie gasvry en staan op die huidige oomblik die naaste aan Suid-Afrika van al die Wes-Europese volkere. So sê mnr. G. M. Ballot, hoof van die Departement Kunsgeskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteit.

Mnr. Ballot was gedurende 1967 na België waar hy navorsing gedoen het oor die Vlaamse Ekspressionisme. Hy is tans besig met sy doktorsale proefkrif oor die betrokke onderwerp.

SIMPATIE

Hy meen ook dat die Vlaminge altyd 'n objektiewe en simpatieke oor vir die Suid-Afrikaanse probleme het, gesien in die lig van hulle katastrofale ondervinding in die Kongo.

Die Vlaminge stel baie belang in die Suid-Afrikaanse kultuur. Soveel dat 'n mens beswaarlik 'n Vlaming sal vind wat nie „Die Stem” en selfs „Sarie Marais” van buite ken nie. Hulle sing en leer graag

Afrikaanse liedere.

Elke jaar is daar 'n sogenaamde Vlaamse Sangfees wat in die groot Sportpaleis te Antwerpen gehou word. Die saal bevat sitplekke vir 40,000 mense. Te midde van al die Vlaamse liedere word daar ook Suid-Afrikaanse liedere gesing.

DIE S.A.-STEM

Die verrigtinge word gewoonlik afgesluit met die Vlaamse volkslied, naamlik, De Vlaamse Leeuw en dan volg Die Stem van Suid-Afrika. Dit is dan dat die heimweë na jou land jou oorweldig.

Mnr. Ballot voel oortuig daarvan dat daar beslis meer gedoen kan word om ons Suid-Afrikaanse kulture in die algemeen in België voor te stel.

Nixon sal weer dekor ontwerp

Teatergangers op Potchefstroom het reeds gewoon geraak aan die puik dekorstelle wat tydens opvoerings van die departement Spraakleer en Drama gebruik word.

Met die opvoering van Hedda Gabler deur Hendrik Ibsen onder die spelleiding van Bets Botha sal dit nie anders wees nie.

Die dekorstel is weer ontwerp deur Bill Nixon van TRUK wat ook vir die vereeldingryke dekorontwerp vir Moeder Hanna verantwoordelik was.

BEDRYWIGE TYD VOOR VIR EKONOME

'n Bedrywige tyd lê vir die P.U. se Ekonomiese Vereniging gedurende 1968 voor. Die feit het geblyk uit 'n onderhoud wat Die Wapad gevoer het met mnr. Frits Hoogendyk, voorsitter van die vereniging.

Volgens mnr. Hoogendyk beplan die Ekonomiese Vereniging 'n hele aantal aksies vir die jaar, waaronder ondernemings wat vanjaar vir die eerste keer aangepak sal word.

HOOGTEPUNT

Die hoogtepunt van die jaar is ongetwyfeld die weeklange toer na Durban wat van 3 tot 10 April gedurende die Aprilvakansie plaasvind. Daar is oorspronklik beplan dat die koste van die toer, wat oop is vir alle studente, R30 sou beloop, maar die vereniging het intussen nog 'n hou teen inflasie ingekry — die prys is verlaag na R25.

Ander toere wat beplan word, is 'n uitstap na die Johannesburgse Effektebeurs op 10 Mei, en besigtigingstoere van die nywerhede van Pretoria en Lichtenburg op 17 Augustus en 20 April onderskeidelik.

ROLPRENT

Die Ekonomiese Vereniging hou ook volgende Saterdagand 'n filmvertoning in die Totiusaal ter stywing van sy fondse. Die rolprent wat vertoon word, is „Charade,” met Cary Grant en Audrey Hepburn in die hoofrolle.

Byeenkomste waarop sprekers sal optree, is vir drie datums gedurende die jaar gereël. Die eerste byeenkoms van die aand vind op 27 Maart plaas wanneer 'n persoon van die N.O.K. oor die liggaam sal praat.

Diens aan skole deur P.U. aangebied

Die Potchefstroomse Universiteit bied vanjaar 'n besondere diens aan 'n dertigtal skole in die omgewing aan.

Prof. P. D. van der Walt en dr. L. C. Minnaar, van die Departement Afrikaans, het inleidende aantekeninge oor die verse-, drama- en romanstudies van 1968 uitgewerk. Hierdie agtergrondsketse word nou na die hoërskole versend.

VOORSTELLING

In Augustus word dit opgevolg deur 'n dramatiese voorstelling van die werke deur die Departement Spraakleer en Drama onder die leiding van mnr. Theunis Botha.

OUBERT MEUBELS

Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.

Vir

MODERNE MEUBELS
en alle
**HUISHOUDELIKE
TOERUSTING**

Ons spesialiseer
in die verskaffing van die
**Jongste
Plaat-opnames**
Kom besigtig ons groot
reeks.

PARADISE RESTAURANT

Dié kafee op Die Bult . . .

dié kafee waar studente hul

koeldrankie drink,

EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.

Tomstraat 86

Tel. 5474

GANG IN KARLIEN KRY 'N NAAM

Daar het verlede Donderdagaand „groot dinge” in Karlien, die nuwe dameskoshuis, plaasgevind. Die dames op die vyfde vloer het besluit om hulle gang 'n naam te gee, en die onthulling van die naam is deur mev. W. J. de Klerk waar-geneem.

'n Groep nuuskierige toeskouers het voor die koshuis saam-gedrom met hulle oë angstig gerig op die balkon van die vyfde vloer.

Mietie, die H.K.-lid van die vyfde vloer, het die toeskouers welkom geheet by die groot gebeurtenis. Sy het 'n treffende toespraak gelewer en o.a. gesê dat die gangmaats in die toekoms sommer baie lekker gaan saamwerk.

VYFSTER

Mev. De Klerk, geklee in 'n deftige geel mondering, en 'n paar volstruisvere op haar hoof, het haar verskyning op die bal-

kon gemaak. Sy is begelei deur 'n „offisier” van die militêre mag.

Terwyl lie „orkes” gespeel het, is die toutjie getrek en die naam, naamlik, „Vyfster,” is onthul. Vyf rooi sterre het glimmend teen die balkonmuur geblink en kameras het geflits.

NOG MEER

Die primaria van Karlien mej. Kitty van Heerden, het ook 'n toespraak gelewer. Ons verstaan dat nog meer gange in die toekoms name gaan kry. Dit sal volgens die inwoners van Karlien die gees in die koshuis baie verbeter.



'n Toneeltjie tydens die naam-gewing van die vyfde vloer in Karlien verlede Donderdagaand. Mev. W. J. de Klerk is hier aan die woord.

Foto: Fotokuns


Skermklub

begin

Die Skermklub aan die P.U. het reeds met hulle bedrywighede vir 1968 begin. Die klub kom gereeld Maandag- en Woensdag bymekaar in die L.O.-saal.

'n Gekwalifiseerde afrigter, mnr. Eric Wilson van Stilfontein, is tot die klub se beskikking, en almal wat belangstel kan gerus Woensdagaande vanaf sewe-uur kom kyk hoe daar afgerig word.

Verlief Verlore? Verloof



Ja, mense nog 'n week is om en ons sleepte nog steeds. Lyk mos al vir my of die vak hier op die Puk weekliks met rasse skrede vooruitgaan. Ek is bly dat dit nog goed gaan, want dan is daar mos altyd iets om oor te gesels.

EERSTEJAARS

Nou, wel, vriende ons sal maar begin met die voorstelling van ons eerstejaars en hulle slepe. Ons heet hulle hartlik welkom by ons sleephoekie. Dit, eerstejaars wil ek graag aan hulle sê: die standarde is hoog aangesien dit sy ontstaan saam met die Universiteit gehad het. En jaarliks word die eise daaraan verbode altyd hoër.

Junea van der Merwe meen terwyl sy nog eerstejaar is dat sy maar haar tyd met Henry Rust sal verwyd.

Manne, ek wil verhoed dat julle valse hoop kry — sien Junea is nie die enigste dame in Oosterhof wat hierdie nuwe jaar ingeskryf het nie. Hier is nog ander talent ook. Maar ag, hulle sleep dat dit klap!

Riana Vermooten verseg om Egmond Coetzee vir een sleep-tyd aan 'n kollega af te staan. Sy is egter nie besig om rekords hier, plaaslik op te stel nie, want kort op haar hakke volg Riana du Toit en Danie Uys en dan Hennie Scholtz met Fanus (ek weet nie wat sy van is nie) maar ek kan julle verseker dit is nie Susan se Fanus nie! Sy het gesorg dat die strop om sy nek gebind word, op 27 Januarie en aan hulle sê ek baie geluk! Ook aan Anne-Marie en Marinus sê ek baie geluk met die gewigtige stap wat hulle geneem het!

Kom ek wed julle ek weet iets wat julle nie weet nie! Drie raais — die eerste drie tel nie ... ag, ek sal maar sê: Sandra Coetzer het 'n splinternuwe liefde gevind in Hennie Steyn.

TALENTVOL

Manne, hoe lyk dit ondersteun julle my standpunt as ek sê dat Huis Karlien hierdie jaar baie talentvol is? Ek reken julle

sal! Ai, boetie wil jy nou vir my sê jy weet nie daarvan nie — dan gee ek jou raad: wend jou skrede 'n bietjie een aand gedurende sleeptyd na die dameskoshuis en as jy nie geholpe raak nie kan jy maar gerus by my kom aanklop vir hulp. Jy moet nou net nie daar gaan teespoed optel nie hoor! Ouma se pampoensalf is op!

Ek kan jou net sê bly weg van Suzette Coleman want sy en Lieb Liebenberg vier die derde Maart hulle derde verjaarsdag! Ai, mense, dis darem waaroorde: ondersoek alle dinge en behou die goeie. Ja, dis nou net wat ek wou sê; die ontheffingsdinee het ook sy goeie dinge vir Marlene Hulme en Hennie van Rensburg gehad. Ek is bang hulle kry skaam as ek verdere besonderhede gee... Stienie Roestorf se bekoring was te veel vir Tus van der Merwe en die resultaat?

ONS HUIS

Ina Oosthuizen en Gert Smit is bly dat Ons Huis en Huis Karlien darem nader aan mekaar is as Germiston en Vanderbijl! Ai, Doedies en Douens, die vakansie was darem lank...

Anne-Marie Biessenbach is darem bly, want Gerhard Postma is mos nou nie meer in die militêre kamp nie! Mietie van der Merwe is mos deesdae baie aan die skrywe. Julle sal my nou nie glo nie, maar sy is verplig om haar briewe per pakketpos na Pretoria te stuur — die ont-

vanger? Stoffel Kruger... Mietie, ons hoop nie jy glo aan die spreekwoord wat sê: ver van jou goed is naby jou skade nie.

Massa! By Carene sal dit weerklank vind. Hoekom? Ek wens my sleep het ook vir my die vak gegee!

KURUMAN

Irna Fourie sê die verlange Kuruman toe is groot. Indien iemand in daardie rigting ry? Ek vermoed Jan Haasbroek sal julle vergoed. Nou dat ons so met bly hartjies te doen het — Marinda, ek is saam met jou bly dat Jannie van Zyl ook nou 'n student is. Nic Gey von Pittius — vra vir Elsa wie die man is, en ek wed sy sal weet!

Martie Cotzee se oë vonkel deesdae nog meer en ek dink dit vind weerkaatsing in Johan Preller s'n.

Die volkspele en Johan Schutte word gewoonlik in een asem genoem, nou kan ons vir Lorina ook byreken. Elize Crause en Tommie Buttler sê dat die jaar en 4 maande glad nie lank is nie. Mense, nou het ek 'n vraag om te stel. Waar is die weiveld die groenste, hier op die Puk of by ons bure? Linda van Vuuren het besluit dat die Pote s'n beter is. Toemaar Linda, ons het niks teen Christo nie!

Ek sê maar welan vriende, tot volgende week, lekker sleep!

ONGERYMDHEDE IN DIE KRIEKETKLUB

Die sogenaamde „bloei” in die Puk se krieket is toe nie so groot as wat aanvanklik gemeen is nie. Hierdie stelling is beslis nie vergesog as daar gekyk word na die uitslag van die kriekettoernooi wat verlede Desember in Kaapstad gehou is en die uitslae van die ligawedstryde wat reeds vanjaar afgehandel is nie.

As die krieket op die Puk enigsins vooruit wil gaan, moet daar in die vervolg 'n ordentlike krieketbestuur gekies word om sekere ongerymdhede wat nou in die klub plaasvind, uit te skakel. 'n Mens wil geen name noem nie, maar wanneer 'n speler wat een Saterdag die Puk van 'n gewisse nederlaag gered het, net die volgende Saterdag uit die span „geskors” word omdat hy nie kon kom oefen nie, maar 'n goeie rede gehad het om nie daar te wees nie. Terselfdertyd word die kaptein van die span nie oor dieselfde kam geskeer nie.

Dan is daar die geval van persone wat uit 'n span wegge-laat word deurdat hul swak veldwerk doen, maar dan word ander gekies wat nie juis veel op die voriges se veldwerk kan verbeter nie. Dan is daar spelers wat teoreties alles van krieket weet, maar nie prakties nie.

POTENSIAAL

Die Pukspeler het die potensiaal — hulle het selfs 'n baie goeie afrigter, maar daar word nog te veel rondgeval en staatsgemaak op goeie prestasies wat 'n krieketspeler op skool of in die verlede behaal het.

J.C.S.

Dis seker! Hierdie sokkie het alles wat 'n man begeer...

... want Wolnit Super-wolsokkies is masjienwasbaar en krimpvry gewaarborg, is viltvry en slytbestand, bly altyddeur sag en nommerpas. En die modekleure wat nooit verbleik nie, en die swierige styl van Wolnit Supers gee fleur aan enige drag.



Wolnit SUPER

WOL-SOKKIES

Die deftige wolsokkies wat weer om gedaan te raak.

BY ALLE VOORRAADSTAANDE HANDELAARS.

Rekords spat op Puk se veld

BOOYSEN EN VAN WIJCK SKITTER WEER

Vyftien rekords is verlede Saterdag by die P.U. Atletiek-kampioenskappe verbeter en ses nuwe rekords is opgestel. Die byeenkoms is deurgaans gekenmerk deur die uiters hoë standaard in beide senior en junior nommers.

Dawid Booysen, een van Suid-Afrika se voorste gewigstoters en 'n inwoner van Liberalia, het vir die tweede keer in sy loopbaan die senior gewig verder as 60vt gestoot. Saterdag was sy afstand 60 vt. 21 dm. wat net een duim swakker is as sy vorige beste poging wat hy verlede jaar in Wes-Duitsland behaal het.

Hierdie stoot was vir Dawid 'n persoonlike triomf — nie omdat dit sy beste poging tot dusver met die senior gewig in Suid-Afrika is nie, maar omdat hy hom nou met erns kan begin voorberei op die Olimpiese Sepele. Booysen het Saterdag sy gewigstoot onderbreek vir die 100 meter-naelloop en eers daarna sy wenpoging aangeteken. Hy probeer al die afgelope paar weke om die 16 lb. gewig verder as 60 vt. te stoot maar was elke keer nog net buite bereik daarvan. Verlede Woensdagaand kon hy net 59 vt. 3 dm. haal op 'n ligabyeenkoms op die Bill Swart-Ovaal.

BESTE IN S.A.

Louis van Wijck het 'n skitterende vertoning in die 3,000 meter gelewer toe hy die afstand in 8 min. 24.8 sek. afgelê het. Dit is die beste tyd wat hy nog in Suid-Afrika opgestel het. Sy beste tyd van 8 min. 19.8 sek. het hy in Luxemburg opgestel. Hy het na die wedloop aan Die Wapad gesê dat hy baie tevrede

is met sy tyd na 'n week waarin hy baie hard geoefen het. George Müldner het tweede agter Louis geëindig in die goeie tyd van 8 min 36.6 sek.

Die tyd van Van Wijck is 10.8 sek. stadiger as Fanie van Zijl se rekord wat nog wag op erkenning. Fanie van Zijl het nie veel moeite ondervind om sy teenstanders in die 800 en 1,500 meter te klop nie. Hy het die 800 meter in 1 min. 52.6 sek. gewen. In die 1,500 meter het Pypies Loubser vir twee rondtes kort op Fanie se hakke gebly, maar kon nie die pas volhou nie. Fanie se wentyd was 3 min. 56.7 sek.

HERMAN SMIT

Herman Smit, wat nog 'n junior atleet is, het uitblink in beide die junior en senior nommers. Hy het 'n nuwe werpskyf-rekord van 174 vt. 7 dm. opgestel. In die juniorgewigstoot het hy 'n afstand van 50 vt. 6½ dm. gehaal en in die spiesgooi (juniors) 209 vt. 11½ dm. Die senior spiesgootinommer het hy gewen

met 'n afstand van 202 vt. 10½ dm.

In die naellope was dit Willie van der Westhuizen wat baie goed gevaar het. In die 200 meter het hy die uitstekende tyd van 21.4 sek. oor die swaar grasbaan opgestel. In die 100 meter het Willie en Johan van der Westhuizen albei 10.8 sek aangeteken.


In die 110 meter hekkies het Willie Coetzee die skitterende tyd van 14.5 sek. aangeteken. As in aanmerking geneem word dat die grasbaan redelik stadig is en taamlik ongelyk, kan 'n mens nie anders as om die atlete alle lof toe te swaal nie.

Ander rekords het gespat in die hoogspring vir dames: M. Celliers (Karlien), 4 vt. 9 dm. Paalspring: Henk Coetzee (Liberalia), 12 vt. 6½ dm. 800 meter: Fanie van Zijl (Liberalia), 1 min. 52.6 sek. Dames verspring: Bea Marais (Klawerhof), 17 vt. 3 dm.

BEKERS

Die aflosse was ook baie interessant en het vir heelwat opwinding gesorg. Die span van Dorp het die mansaflos gewen in 'n rekordtyd van 42.8 sek. Die mans- en dameskoshuis wat die twee bekere gewen het was Liberalia en Klawerhof onderskeidelik. Die bekere is geskenk deur Nasionale Bouvereniging.

J.C.S.



DAWID BOOYSEN

Foto: Fotokuns

Pukke speel gelykop teen Strathvaal

Die Puk se eerste krieketspan het verlede Saterdag op die Oude Molen gelykop gespeel teen die span van Strathvaal. Die manne van Klerksdorp het eerste gaan kolf op 'n papnat kolfblad en was almal uit vir 131 lopies.

Vir die Pukke het Hennie van Vuuren en Paul du Randt goed geboul en elkeen twee paaltjies ingeoos. Nico Breedts het drie skitterende vangskote in die glippe benut.

SWAK LIG


In swak lig kon die Pukke net 105 lopies vir die verlies van agt paaltjies op die telbord plaas waarvan Jos Coetzee 52 n.u.n. aangeteken het.

Al die spelers van die Puk het nie opgedaag nie nadat 'n organiseerder van die krieket-klub gesê het dat daar geen krieket sal wees nie. Hierdie boodskap het blykbaar van die opsigter van die baan gekom, maar hy was nie self daar om die blad te ondersoek nie.

J.C.S.

Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.

Tennisafrigter



Die P.U. se tennisklub beskik vanjaar oor die dienste van 'n ervare tennisafrigter. Hier verduidelik Derek Schroeder (regs)

'n fyner jontjie aan 'n belangstellende groep tennisspelers.

Foto: Fotokuns

EERSTE RUGBYWEDSTRYDE — TEEN TAAIBOS

Die eerste groot rugbywedstryd van die jaar vind Saterdag op Pretoria plaas wanneer Over de Voor teen Taaibos kragte sal meet. Dit sal vanjaar die vierde keer wees dat hierdie twee koshuise teen mekaar speel.

Die eerste wedstryd in 1965 het Over de Voor met 26-3 gewen en die manne van Noord-Transvaal skoon deurmekaar gehardloop. Die volgende jaar was dit 'n ander storie en Taaibos het op hul tuisveld die Bloutruie die loef afgesteek. Die telling was 11-6.

JOHAN KRUGER

Verlede jaar het Over de Voor die onverwagte reggekry deur die sterk span van Pretoria met 16-13 te klop. Dit was toe veral die goeie spel van Johan Kruger en uitmuntende skopwerk deur Dries du Plooy wat die knoop vir Over de Voor deurgehak het. Kruger sal nie vanjaar kan speel nie, aangesien hy onlangs 'n skoueroperasie ondergaan het. Die span beskik egter oor die dienste van Danie Kock en Callie Coetzee wat laasjaar se wedstryd ook weens skouerbeserings misgeloop het.

Verlede jaar se wedstryd het Over de Voor bloot gewen omdat hulle as 'n verloorspan op die veld gegaan het, maar 'n wil gehad het om die Taaibossers te wys waar Dawid die wortels gegrawe het. Over de Voor beskik vanjaar oor heelwat nuwe

talent en die span sal geensins swakker wees as die spanne van die verlede nie.

GROOT DAG

Die wedstryde word Saterdagmiddag in Pretoria gespeel op Tukkie se velde en soos die manne van Over de Voor die Taaibossers ken, belooft dit weer om 'n groot dag te wees. Over de Voor stoot vanjaar vir die eerste keer vier spanne in die veld, alhoewel Taaibos kan spog met vyf spanne. Hulle koshuis huisves egter oor die 400 studente teenoor die 180 van Over de Voor.

Daar sal ook soos in die verlede 'n tennisspan en 'n aantal tafeltennisspanne aan die „intervarsity" deelneem. Die wedstryde sal Saterdagoggend afgehandel word.

Al die studente van Over de Voor sal hetsy met busse of met motors na die Hoofstad optrek om die dag se sport te gaan geniet, maar ook om die vriendskapsbande met Taaibos en die ander Tukkie te verstewig.

J.C.S.

Nominasies vir Abe Bailey

Die Studenteraad het mnre. Ben de Klerk en J.P.J. van der Walt genomineer vir die Abe Bailey-trustburs. As secundi is mnre. Jan Schutte en Callie Coetzee genomineer.

Die nominasies is aan die Raad voorgelê wat daarvoor moet besluit.

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92

Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief ..."

Turkstra

te kry by u kafeteria

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir

Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91—95

Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat

Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM